Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

FEBRUARIE 2025

Bulletin

#overstrand4all

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

#C4ourself

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

FEESSEISOEN DAWERENDE SUKSES

Te oordeel na die lof wat die munisipaliteit toegeswaai is vir sy hantering van 'n buitengewoon bedrywige feesseisoen, het almal wat gekies het om in Overstrand vakansie te hou 'n uiters genotvolle tydjie beleef.

"Dit is 'n riem onder die hart om te hoor hoe baie waardering inwoners en besoekers het vir die moeite wat ons amptenare, personeel, wetstoepassers, nooddienstepersoneel en 'n horde tydelike werkers gedoen het om almal se kuiertjie so aangenaam as moontlik te maak," het Burgemeester Rabie gesê.

"Hierdie positiewe eindresultaat is grotendeels te danke aan die publiek se samewerking," het sy bygevoeg. "Alhoewel wetstoepassers nou en dan moes ingryp, het die meeste mense saamgewerk om almal se verblyf veilig en aangenaam te maak. Die verkeersdepartement het ook bemerk dat die publiek besonder bedagsaam was gedurende hierdie druk tydperk.

"Welgedaan aan diegene in die gasvryheidsbedryf wat daarin geslaag het om in almal se behoeftes te voorsien en aan die sake-eienaars wat gesorg het dat die rakke nie leeg raak nie en dat klante gelukkig is.

"Die sukses van die afgelope seisoen dien as bewys dat wanneer alle belanghebbers saamspan om Overstrand as 'n veilige, verwelkomende bestemming te bemark, dit tot almal se voordeel strek. Dankie."

RYBEWYSE KAN VOORTAAN IN GANSBAAI HERNU WORD

Die dae toe Gansbaaiers al die pad Hermanus toe moes ry om hul bestuurslisensies te hernu, is iets van die verlede.

Beide nasionale en provinsiale verkeersowerhede het onlangs hul goedkeuring verleen vir die amptelike registrasie van die Gansbaai-bestuurslisensie-toetssentrum.

Hierdie sentrum het sy deure op 14 Januarie 2025 geopen en gaan vir eers twee dae per week (Dinsdae en Donderdae) van 09:00 tot 15:00 slegs die hernuwing van bestuurslisensies behartig.

Let egter daarop dat dit bloot die eerste fase in die volle ontplooiing van hierdie langverwagte, veeldoelige sentrum is.

Binnekort gaan leerlingbestuurders ook die nodige skriftelike eksamens hier kan aflê en, wanneer die gefaseerde ontplooiing afgehandel is, sal die sentrum gerat wees om die volle spektrum van dienste te behartig, met insluiting van die assessering van leerlingbestuurders se bevoegdheid en die prosessering van aansoeke vir professionele bestuurspermitte.

WERD OM TE WEET

Teen druktyd was die amptelike verslag oor die eindresultaat van die 2024/25-feesseisoen nog nie gefinaliseer nie. Desnieteenstaande dui die interimverslae wat deur die onderskeie direktorate ingedien is daarop dat die volgende noemenswaardig is.

- Besoekers en inwoners het ons versoek om "herwinbare items" van "nat afval" te skei, ongetwyfeld ter harte geneem. Om die waarheid te sê, in 'n stadium was die munisipaliteit se voorraad deursigtige sakke uitgeput en moes ons wag totdat die verskaffers oopmaak voordat ons dit kon aanvul.
- Daarteenoor bly die geneigdheid van sommige mense om nie hul rommel op te ruim nadat hulle heerlik op 'n strand of by 'n piekniekplek gekuier het nie steeds 'n probleem. So ontmoedigend as wat hierdie tendens mag wees, het die spanne wat aangewys is om Overstrand se openbare ruimtes splinterskoon te hou getrou hul werk gedoen, en boonop met 'n glimlag.
- Temperature wat die hoogte ingeskiet het en die toestroming van vakansiegangers (die meeste akkommodasie-ondernemings oral in die Overstrand was tot boordens toe vol), het die waternetwerk onder geweldige druk geplaas. Byvoorbeeld, vergeleke met die vorige vakansieseisoen is 'n ekstra 21 594 kℓ net in die Kleinmond-area verbruik, en gedurende die laaste week van Desember het die gemiddelde daaglikse waterverbruik in die Groter Hermanusarea op 19 375 miljoen liter (mL) gestaan vergeleke met 17 854 mL net die week vantevore.
- Danksy omsigtige monitering en bestuur het geen van die munisipale reservoirs leeggeraak nie, maar dalings in waterdruk en gebarste pype het baie frustrasie veroorsaak en sal aandag moet geniet.
- Verkeersdienste het geen padsterftes aangemeld nie. Spoedoortredings, nalatige/roekelose bestuur en bestuur onder die invloed bly egter steeds 'n bron tot kommer.
- Alhoewel hulle verskeie kere moes intree om baaiers te red/te hulp te snel, is geen noodlottige gevalle aangemeld by enige van die strande waar lewensredders aan diens was nie.
- Soms was dit hittete, maar brandweer-en-reddingsdienste se flinke optrede het gesorg dat veldbrande so doeltreffend en vinnig moontlik onder beheer gebring kon word
- Oorhoofs, te danke aan die verhoogde sigbaarheid van wetstoepassers, buurtwagte en sekuriteitsmaatskappye is voorvalle van geringe diefstal en misdaad tot die minimum beperk.

Neem kennis dat die gedeeltelike opening van die sentrum geensins 'n impak op die werksure van die voertuigregistrasiekantoor in Gansbaai het nie. Hierdie kantoor sal steeds op alle weeksdae oop wees.

Die aankondiging dat die groen lig vir die opening van die Gansbaai-bestuurslisensie-toetssentrum verleen is, is met groot opgewondenheid deur 'n ieder en 'n elk verwelkom: Daar om die geleentheid saam met die "amptelike gashere" (onderburgemeester Lindile Ntsabo en Wyk 14-raadslid Riana de Coning) te vier, was Neville Michaels (direkteur: munisipale openbare veiligheid); rdl. Jacobus van Staden; rdl. Andrew Komani; Xen Titus (assistenthoof: verkeersdienste en lisensiëring); rdl. Steven Fourie; verkeershoof Rudi Fraser; rdl. Dudley Coetzee; Randal Barreiro (direkteur: vervoeradministrasie en lisensiëring, Wes-Kaapse Regering) en voormalige areabestuurder Kat Myburgh.

RESTOURASIE VAN ONRUSRIVIERSISTEEM: **BEFONDSING TOEGEKEN**

Die goeie nuus is dat Munisipaliteit Overstrand drie beduidende ooreenkomste aangegaan het wat sal help om die Onrusriviersisteem, in die besonder die rivier se oewers en omliggende vleilande, te restoureer.

'n Befondsingsvoorstel wat deur die munisipaliteit ingedien is ter ondersteuning van 'n projek wat daarop gemik is om die Onrusrivier van sy opvangsgebied tot by die see te restoureer, het die belangstelling van verskeie groot rolspelers geprikkel deels weens die unieke ekosisteme wat met hierdie rivier geassosieer word.

Munisipaliteit Overstrand se afdeling omgewingsbestuur en -bewaring het, onder andere, die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram (UNEP) genader om hierdie projek onder die vaandel van hul #Generation Restoration-projekte finansieel te ondersteun. Die eindresultaat van daardie aansoek is dat Overstrand en UNEP nou 'n kleinskaalse befondsingsooreenkoms aangegaan het waarvolgens tagtigduisend dollar tot die munisipaliteit se beskikking gestel word om met strategiese beplanning en die koördinering van restourasiepogings te help.

Voorts sal strategiese en operasionele ondersteuning ter waarde van R5 miljoen verleen word deur nog 'n vernâme rolspeler, naamlik die Breede-Olifants-opvangsgebiedbestuursagentskap.

Aangesien restourasie van die Onrusrivier se oewers en vleilande grotendeels gaan afhang van die suksesvolle hervestiging van palmiet met die oog op koolstofsekwestrasie het die VK-gebaseerde White Dessert-stigting ook fondse beskikbaar gestel sodat kwekerye wat hierdie inheemse plante op groot skaal kan kweek op die been gebring kan word.

Alhoewel die voorneme is om die vrystelling van koolstof binne die volgende vier tot vyf jaar aansienlik te verminder, gaan restourasie eers op 'n klein skaal begin totdat die kwekerye met 'n gesamentlik kapasiteit om 150 000 van hierdie plante te kweek, op dreef is.

Munisipaliteit Overstrand se afdeling omgewingsbestuur en -bewaring sal die befondsing bestuur, die projek moniteer en seker maak dat daar aan alle munisipale verordenings en beleide voldoen word.

'n Beherende komitee waarop alle vernâme rolspelers verteenwoordiging geniet, sal vir koördinering en toesig verantwoordelik wees.

Die volledige verslag, soos voorgelê aan die Raad, is beskikbaar op die munisipaliteit se amptelike webtuiste overstrand.gov.za.

Klik op Documents > Meetings: Agendas and Minutes > Council > November 2024.

KOM ONTMOET DIE BURGEMEESTER

Inwoners het 'n ope uitnodiging om op die eerste Donderdag van elke maand die Burgemeester en haar span te ontmoet om kwellings te lug en kwessies te bespreek. Geen afspraak is nodig nie, en die byeenkomste volg die eerste-daar-eerste-klaarreël.

Twintig-vyf-en-twintig se eerste *First Thursday*-geleentheid gaan op 6 Februarie van 17:00 tot 19:00 in Kleinmond se stadsaal gehou word. Hierdie is 'n uitstekende geleentheid, veral vir inwoners van Wyk 9 en Wyk 10, om die uitdagings met betrekking tot lae waterdruk wat tydens die Desembervakansie ervaar is, te bespreek.

Soos blyk uit die waterverbruiktendense wat gedurende die vakansietydperk ervaar is (sien besonderhede elders), was alle waterwerke oral in die Overstrand onder geweldige druk. Ondanks die hoë vraag het geen van die reservoirs drooggeloop nie en was watersuiwerings- en -behandelingsaanlegte deurentyd ten volle funksioneel – 'n suksesvolle eindresultaat wat deels daaraan toegeskryf kan word dat inwoners en vakansiegangers gehoor gegee het aan ons versoek om waterverbruik te verminder in 'n poging om onderbrekings te verhoed.

Desondanks is spesifieke netwerke (in die besonder Kleinmond se seelane en areas onder Palmietweg sowel as Stony Point, Rondevlei en Silversands in Bettysbaai) geraak deur kwessies wat toe te skryf is aan lae waterdruk en -onderbrekings .

Benewens hoë waterverbruik weens verhoogde gebruik het verskeie ander faktore tot hierdie kwessies bygedra:

- pypbreuke wat veroorsaak het dat daar geen vloei tydens herwinning was nie, wat lae druk tot gevolg gehad het wanneer lug uit die stelsel gelaat moes word;
- sommige lekkasies op hoofpypleidings wat nie dadelik sigbaar was nie omdat water in die stormwaterinfrastruktuur weggevloei het; en
- gevalle waar kleppe op hoofpypleidings toegedraai of gedeeltelik toegedraai is.

Inwoners word aangemoedig om die vergadering by te woon om meer insae te verkry in die uitdagings verwant aan lae waterdruk en om ander kwessies te opper.

KLIËNTEKONTAKSENTRUM GERAT OM JOU 24/7 BY TE STAAN

Munisipaliteit Overstrand se kliëntekontaksentrum is daar om heeljaar, dag of nag, jou diensversoeke te behartig of om te sorg dat daar so gou moontlik aandag aan noodgevalle verwant aan munisipale dienste geskenk word.

Dit is egter te verstane dat die personeel wat hierdie sentrum beman op een of ander stadium skofte moet verwissel. Daardie verwisseling vind altyd saans tussen 17:45 en 18:15 plaas.

Sou dit gebeur dat jy juis op daardie tydstip 028 313 8111 (die sentrum se nommer) skakel en jou oproep word nie dadelik beantwoord nie, moenie aflui nie.

Wag asseblief totdat jy na stemboodskappe herlei word en laat 'n boodskap. Ons sal jou terugskakel sodra die skofverwisseling afgehandel is.

In plaas daarvan om jou op oproepe te verlaat om 'n diensversoek in te dien, maak eerder gebruik van die Collab Citizen-toep.

Hierdie toep kan via Google Play Store, Apple App Store of die Huawei App Gallery afgelaai word en sal jou in staat stel om op enige tyd van die dag van enige plek in die wêreld diensversoeke in te dien en op te volg sonder om 'n enkele telefoonoproep te maak.

WATERGEHALTE WORD NOUGESET DOPGEHOU: Ongeag of drinkwater of rioolwater ter sprake is, Overstrand se inwoners kan gerus wees dat Munisipaliteit Overstrand die gehalte van beide konstant moniteer en, indien nodig, die nodige stappe sal neem om te verseker dat daar deurentyd aan die hoogste standaarde voldoen word.

WATERGEHALTE: Watergehalte word gemeet teen SANS 0241 se standaarde vir drinkwater. Maandelikse monsters word deur 'n geakkrediteerde laboratorium geneem en dan teen verskeie bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters getoets. As water nie aan hierdie standaarde voldoen nie, word regstellings by die suiweringsaanlegte en in die verspreidingsnetwerk aangebring waarna die water weer vir voldoening getoets word.

Die jongste verslag toon dat die water wat deur al nege suiweringsaanlegte in die Overstrand gelewer word van die hoogste gehalte is.

AFVALWATER: Die gehalte van rioolvuiluitvloeisel word gemeet teen standaarde (geklassifiseer as óf "algemeen" óf "spesiaal") wat deur die departement van water en sanitasie daargestel is. Monsters word maandeliks vir ontleding deur geakkrediteerde laboratoriums geneem. As die uitvloeisel nie aan algemene standaarde voldoen nie, word regstellings by die behandelingsaanlegte aangebring waarna monsters weer vir voldoening getoets word.

Toetsresultate vir die afgelope agt maande toon dat die gehalte van al ses behandelingsaanlegte se afvalwater 89% van die tyd aan algemene standaarde voldoen het.

'n Tabel wat die gehalte van water- en afvalwater weerspieël, is beskikbaar op die munisipaliteit se amptelike webtuiste www.overstrand.gov.za. Gaan na Documents > Reports en klik dan op *Statistics*.

ONWETTIGE VULLISSTORTING VEROORSAAK REUSE-KOPSEER

So kort op die hakke van 'n fantastiese vakansieseisoen waartydens 'n ieder en 'n elk hul bes gedoen het om op 'n verantwoordelike wyse met huishoudelike afval weg te doen, is dit te verstane dat Overstrand se afvalverwyderingspanne effe moedeloos is omdat rommelstrooiing hulle weereens hoofbrekens besorg en waarskynlik daartoe sal lei dat woongebiede omgewingsgewys al hoe minder aantreklik word.

Vullissakke wat onbewaak op sypaadjies gelaat word, sal deur honde en katte oopgeskeur word en dalk selfs deur mense wat na iets te ete soek.

Onwettige storting in bosse gaan die risiko van wegholbrande verhoog.

Kortom kom dit daarop neer dat as ons ons kwesbare omgewing wil beskerm, moet almal dwarsdeur die jaar verantwoordelikheid vir hul optrede aanvaar.

Onthou dat dit onwettig is om bourommel, uitgediende meubelstukke/huishoudelike toestelle of enige ander rommel langs paaie of op oop erwe te stort.

Ons doen 'n beroep op alle huishoudings om op 'n gepaste wyse van oormatige rommel ontslae te raak, hetsy deur dit direk na die oorlaaistasies of mini-aflaaipunte te neem of deur van die aangewese stortbakke gebruik te maak. Sou jy van hierdie fasiliteite gebruik maak, moet asseblief nie jou rommel buite die fasiliteit of langs die stortbak los nie.

In die besonder doen ons 'n beroep op almal wat aanskou hoe rommel naby hul erf gestort word of daar waar die straat doodloop om nie stil te bly nie en om asseblief die voorval aan te meld. Voorvalle van onwettige storting kan aangemeld word deur wetstoepassing by 028 313 8996 of Overstrand se kliëntediensentrum by 028 313 8000/8111 te bel. So nie, maak gebruik van die Collab Citizen-toep om die voorval te rapporteer.

Onthou, huishoudelike afval in rolvullisdromme of in sakke moet slegs uitgeplaas word op die oggend van die dag wat vir vullusverwydering in jou area geskeduleer is. Voorts, as jy in 'n area woon waar bobbejane pla, moet jy van 'n bobbejaan-bestande vullisdrom gebruik maak om met jou huishoudelike afval weg te doen.